WAGTE OP DIE MURE

NUUSBRIEF VAN DIE VAN ZYL'S

Jan 2024

"Ek het wagte op jou mure uitgesit Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie. Julle moenie stilbly nie totdat hy Jerusalem herstel het, totdat hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het (Jes 62:6-7).

En voor ons lê 2024 uitgestrek met nuwe en ook opwindende uitdagings. As jy die nuwe jaar moes ingaan sonder iemand wat altyd daar was, maar intussen na die Vader verhuis het, gaan my hart uit na jou. Baie sterkte. Vir diegene wat voor 'n nuwe seisoen in hulle lewe staan en nie kan wag vir alles om af te skop nie, ook baie sterkte. Mag jy al die energie in die wêreld hê om al die uitdagings aan te pak en suksesvol af te handel. Aan almal 'n geseënde 2024 in die voetspore van ons Leidsman.

Binnelandse werk

Iewers in September het die organiseerders van die Mighty Men Conference (Mossel Bay) my kom sien. Ons het uiteindelik by 'n hele paar geleenthede saam gebid bo in die bergie op ons plaas by die "House of Prayer" en ook by die gebedshut. Die geleentheid het van 15-17 Des plaasgevind so 3km van ons plaas af. Baie manne het die Here vir die eerste keer gevind en ons bid dat die fokus op dissipelskap tydens die nasorg hulle tot seën vir baie gemeentes in ons land sal maak.

Hierdie einste gebedsroete op ons plaas word al hoe meer benut. Baie groepe uit die Mosselbaai-omgewing doen die roete en mense van elders gebruik die oornaghut vir stilte en tyd van gebedsafsondering. Ons poog deurlopend om die roete te verfraai en nuwe stasies by te voeg.

Ek besoek steeds gereeld gemeentes veral hier aan die Suidkus en daar kom ook steeds gemeentes by wat óf meer wil weet van Suid-Soedan óf wat hul bediening wil rat met 'n sterker fokus op gebed. So het ek verlede jaar gedurende die winter Clarens in die Vrystaat gaan besoek. Ek het gaan vertel van my werk in Suid-Soedan en dit het tot gevolg dat ek 19 Januarie weer soontoe vertrek. Hierdie keer vir 'n week van gebed van 21-24 Januarie 2024.

<u>Buitelands (Suid-Soedan)</u>

Ek is DV op 7 Februarie 2024 weer op pad Suid-Soedan toe. Ek kan steeds nie met opleiding van predikante op 'n formele vlak voortgaan nie. Op die oomblik is ek steeds besig om 3 van my studente wat weens die oorlog en later ook Covid nie hul studies kon voltooi nie, te help om die laaste modules af te handel sodat hulle in gemeentes bevestig kan word. Die naweek van 16-18 Februarie bied ek 'n "Youth Prayer Conference" op die terrein van die Imotong Bybelskool by Korabiat aan. 'n Nuwe projek wat ons poog om vanjaar van stapel te stuur is om die evangelis,

Jackson (oud-student) by die Bybelskool te help om met ’n kleuterskool te begin. Ek neem DV vir hom ’n klompie hulpmiddele saam wat nie daar beskikbaar is nie.

Ons kerk uit Suid-Afrika is ook steeds verantwoordelik vir onderhoud van die gastehuis by die Bybelskool. Verlede jaar het ek met behulp van ’n bou-spannetjie bestaande uit 4 Suid-Soedanese jeugdiges al die termiet-gevrete plafonne met beton vervang. Vanjaar wil ons die huis binne uitverf asook aandag gee aan die watertenk en watertoevoer.

Gesin

Nadat Liezl se nes leeg geraak het sit sy beslis nie stil nie. Sy is tans betrokke by twee verskillende skooltjies in informele nedersettings waar sy help met onderrig asook leesklasse en fisiese aktiwiteite met die kleuters. Jané is steeds navorser by Mainstream, ’n maatskappy in Kaapstad wat fokus op alternatiewe vorme van energie. Sy geniet die lewe in Kaapstad, veral om Tafelberg se wandelpaaie oor naweke te gaan ontdek. Jacobus is pas terug uit Libanon. Hy sit met baie uitdagings rondom sy visum sowel as finansies. Die lewenskoste daar is baie hoër as wat hy verwag het. Hy doen goed in Suid-Afrika om homself te ondersteun met fotografie en die maak van videos vir troues ens. Waar hy hom bevind is daar egter nie sulke geleenthede nie. Hy doen egter goeie werk dmv sy aksie “Media with a Mission” om die soms haglike omstandighede daar aan die res van die wêreld bekend te stel. Christoff het pas sy B. Comm studies op Stellenbosch suksesvol afgehandel en keuring gekry om voort te gaan met Honneurs.

<u>Gebedsversoeke</u>:

Groot uitdaging van reisdokumente vir Suid-Soedan wat nou gedoen moet word.
Vir die toerustingswerk met studente wat afgehandel moet word.
Youth Prayer Conference by Imotong Bible School.
Bou-projek by Bybelskool in Korabiat.
Veilige vlugte tot in Torit en daarna per pad bos toe tot in Korabiat.
Veilige bewaring teen siektes, veral malaria.

Baie dankie vir elkeen se voortgaande ondersteuning vir die bediening.

Kobus, Liezl, Jané, Jacobus en Christoff.